Kerkhereniging

Ek, Nicolaas Olivier, is ‘n 60 jarige lidmaat van die NG Kerk. Ek is opgevoed deur Christen Afrikaanse ouers en het ons kinders ook as sulks binne ons vermoë probeer opvoed.

Oor die hereniging van die 4 kerke is al baie gepraat en geskryf en is my gevoel en mening dat dit ook een of ander tyd afgehandel moet word. In hiedie saak moet ons aanhou bid en opsien na ons Leidsman en Vader vir leiding en rustigheid.

Die Belhar Belydenis is vir my ‘n probleem, wat betref kerkhereniging. Veskeie dokumente is deur my bestudeer, o.a.

1. Konsultasie oor Kerkhereniging, gedateer, 30 Julie 2007

2. Uitleg van die Belydenis van Belhar wat voorgelê is aan die Konvent vir Eenheid in Junie 2004

3. ‘n Nuwe Kerk in 2010 deur prof Piet Naude, ens.

Ons kerk het drie formuliere (belydenisse) en nou vra ek, waarvoor ‘n 4de belydenis, veral gesien in hierdie tyd van kerk wees. Volgens my mening is die Belhar Belydenis polities geinspireer. Die Belydenis kan of het uit nood ontstaan, maar daardie dae is verby en leef ons nou in ‘n vry en demokratiese land. Ek vra weer, voorvoor nou. Los die belydnis uit en gaan voort om ‘n herenigde kerk tot eer van die Here daar te stel. Die Belhar Belydenis is in die tagtiger jare opgestel en aanvaar na aanleiding van die Begeleidende brief. Wie was leiers van die VGK op daardie stadium, ja “politieke figure”.

Ons land is vandag in ‘n ontsettende , onstabiele, gevaarlike en bekommernisvolle situasie wat betref moord, kindermishandeling, diefstal en noem maar op en die waardes van ons volk word by die dag verder afgetakel, maar dank die Here dat ons in Hom rus en vrede kan vind.

In 1998 het ons kerk se Algemene Sinode die Belhar Belydenis reeds aanvaar, maar hoef kerkrade en lidmate nie die belydenis van selfsprekend as Belydenisskrif te onderskryf nie.

In 2002 is besluit dat twee derdes van kerkrade met ‘n twee derde meerderheid eenwording moet goedkeur vir kerkhereniging. Twee rondtes gesprekke word gehou waarvan lidmate se kommentaar nou gevra word in die eerste rondte. Die tweede rondte sal besluite geneem word.

In 2006 verklaar die VGK leierskap dat die Belydenis van Belhar nie as voorwaarde vir eenheid mag geld nie. Lees jy egter die Kerbode van 14 September 2007 onder die opskrif “Eenheidsgesprek gaan gebuk onder spanning” bl 1, lees die verklaring van die VGK soos volg: “vir die VGK is die Belydenis van Belhar onvervangbaar en onvervreembaar. Ons kan die proses van volle aanvaarding van die belydenis nie as ewigdurende oop en onbesliste porses sien nie! Soos reeds genoem, is ek myself nie meer ‘n jong lidmaat nie, en speel die generasie gaping sekerlik ‘n rol, maar gaan ek en ek glo baie lidmate, ons nie in ‘n drukgang laat plaas nie.

In dieselfde Kerkbode sê prof Piet Strauss moderator van ons kerk: “Dit help nie om vir mense te sê hulle hoef nie nou die belydenis te aanvaar nie, maar wel een of ander tyd in die toekoms. Dit is dieselfde om te sê hulle móét dit aanvaar. Dan word dit ‘n voorwaarde vir eenheid en almal stem saam dat dit nie wenslik is nie.”

In die konsultasiebrief oor Kerkhereniging van 30 Julie 2007 onder 1. Konfessionele Basis punt no 6, bl 17, “Die groei na volle aanvaarding van Belhar is ‘n integrale deel van die prosesse van die nuwe kerkverband” kan ek my nie mee vereenselwig nie.

Ek vra weer: “Kan die Belydenis nie maar gelos word nie.”

‘n Tweede punt waaroor ek baie sterk voel en vir my ontsettend belangrik is, is dat taal en kultuur gehandhaaf moet word. Engels neem al meer op alle vlakke van ons samelewing oor.

‘n Derde punt waaroor ek ook bekommerd is, is die vertaling van die Bybel. Word die Woord van God nie maar weer oorgeskryf om beter by ons aan te pas nie? Ek vra.

Ek vertrou dat die onderhandelinge en besluite wat geneem gaan word, slegs tot die verheerliking en groot maak van die Naam van ons Here en Heiland sal wees.

Baie sterkte en seën

N Olivier,

NG Kerklidmaat
29 September 2007